Riversdale

VERSLAG VAN DIE SENDINGSEKRETARIS AAN DIE HOOGEERW. SINODALE KOMMISSIE WAT SITTING HET TE BLOEMFONTEIN OP 27 & 28 AUGUSTUS 1952.

WelEerw. Heer en Broeders,

Waar 'n uitgebreide verslag van die Sendingwerksaamhede gedurende die afgelope vier jaar aan die Sinode in April-Mei 1952 voorgelê is, daar wens die ondergetekende slegs in kort mee te deel wat sedert die tyd op die Sendingakker plaasgevind het.

B U I T E L A N D.

1. BESLUITE VAN DIE SINODE:

(a) Die Sendingpersoneel het met groot dankbaarheid kennis geneem van die besluite van die Sinode insake salarisse ens.

(b) Waar die kommissie aan die einde van Mei egter met 'n oortrokke rekening van meer as £7,000 te doen gehad het, kon hulle nie dadelik daartoe oorgaan om die salarisse te verhoog nie en is besluit om in Augustus 1952 hierdie aangeleentheid te behandel en salarisse te verhoog al is dit dan ook met terugwerkende krag.

(c) Intussen is die gemeentes deur 'n omsendbrief versoek om die helfte van hulle verhoogde pro-ratas voor 30 Junie 1952 aan te stuur na die Saakgelastigde. Die reaksie van die kant van die gemeentes was baie gunstig en dit stel die kommissie instaat om die verhoogde salarisse te betaal.

(d) Daar is voorts uitvoering gegee aan al die ander besluite van die Sinode.

2. TEKORT AAN ARBEIDERS:

Een van die geordende Sendingkandidate, eerw. van Zyl, kon weens onvermydelike omstandighede nie na die Buiteland gaan nie en ons worstel nog met 'n tekort aan arbeiders, en meer in besonder is dit waar van onderwysers. Ons het 'n vyftal nodig vir Suid- en Noord-Rhodesië. Moontlik sal nog twee verpleegsters aan begin van volgende jaar na die Sendingveld vertrek terwyl dr. de Kock, wat vroeër in die Sendingveld was en wat na Holland gegaan het om in tropiese medisyne te spesialiseer, in Augustus terugkeer om as tweede dokter haar werk daar te hervat.

3. TOELAE VIR MEDIESE WERK IN NOORD-RHODESIË:

Tot nogtoe het ons van die kant van die Regering geen toelae vir ons mediese werk ontvang nie, uitgesonderd vir die werk onder die melaatses, weens die buitensporige eise wat verbind word aan sulke toelae soos b.v. 'n gebalanseerde diëet ens. Gedurende die afgelope jaar was hulle egter meer tegemoetkomend en daar word nou sterk representasies gemaak by die Regering om ons die nodige toelae te gee ook vir daardie afdeling.

4. OPDRAG VAN DIE SINODE I/S INDELING VAN SENDINGKERKE VOLGENS TAAL- EN ETNIESE GROEPE:

'n Aparte verslag word hiermee ingehandig.

2/ .....

5. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK: SALISBURY MOEILIKHEDE:

Deur die Voorsitter van die kommissie was bepaal dat die ondersoek op 7 Julie 1952 sou plaasvind te Salisbury. Alle reëlings was reeds getref, die nodige getuie was in kennis gestel ens. maar op 25 Junie, 'n paar dae voor ons vertrek, was ons in kennis gestel dat die ondersoek te Salisbury, weens onvermydelike omstandighede, uitgestel is tot 'n later datum. Ons moes heelwat koste aangaan om al die reëlings te kanselleer en vir u verteenwoordigers was dit oorsaak van diepe teleurstelling.

B I N N E L A N D.

1. WITZIESHOEK:

(a) Ds. Strümpfer is begin Mei in Witzieshoek bevestig en hy werk met ywer en entoesiasme.

(b) Hospitaal: Vir die uitbreiding van die Elizabeth Ross Hospitaal, het die S.A.S.K. 'n skenking ontvang van die Provinsiale Administrasie van £20,000 en van die Governor General Fund 'n som van £5,200 vir die daarstelling van 'n dokterswoning en die installasie van 'n X-Straal apparaat. Die nodige planne en spesifikasies word nou voorberei en binnekort sal tenders gevra word vir die oprigting van die nodige geboue. (Hierdie informasie is egter konfidensieel). Dit sal in 'n baie wesenlike behoefte voorsien, maar dit sal tegelykertyd die prestige van ons kerk en die boerevolk daar verhoog.

2. THABA'NCHU:

Die werk in Thaba'Nchu reservaat brei steeds uit en daar rus seën op die werk van eerw. Vogel. Deur naturelle egter saam te trek op plase wat deur die Regering aangekoop is, word ons egter verplig om kerkies op te rig om te voorsien in die geestelike behoeftes van daardie naturelle. Ons was geroepe om weer 'n ruime bydrae vir daardie doel af te sonder op voorwaarde dat dit alleen vir materiaal gebruik sal word en die naturelle moet self die geboue optrek.

Menende hierdeur aan ons opdrag voldoen te hê en u toebiddende die seën van die Heer op al u besprekinge.

t.t. in Xrs.,

ALG. SENDINGSEKRETARIS.